

Inhoud Preek Matteus 22 verse 31, 32 Roudiens opstanding treur hoop vreugdefees. Hierdie preek wys dat Christus Here van die lewendes is en nie Here vir die geeste van dooie mense is nie. Al is ons gees in ons doodsoomblik met Christus, is Hy die Here wat ons weer lewende mense van vleis en bloed sal maak om as mense met Hom in die nuwe skepping te leef. Daarom leef ons nie met die houding om 'n vol lewe te leef nie, maar 'n vervulde lewe in diens van die Here te leef waarin ons weer mens met Hom sal wees. In hierdie hoop is ons nie ligsinnig bly oor die dood van geliefdes nie, maar rou ons as mense wie liefde gegee en ontvang het in die hoop dat hierdie liefde in die toekoms behoue is.

Skriflesing Matteus 22: 31, 32; Exodus 3: 13 – 15; 1 Thessalonisense 4: 13, 14.

Teks 1 Thes. 4: 13 b “Dan sal julle ook nie treur soos mense wat geen hoop het nie.”

Tema Met die Here van die lewendes treur ons oor die dood van ons geliefdes

1. U as familie en ons as gemeenskap is vandag in skok oor Wouter se dood.

Ons is gewoon aan die skielike dood van senior en bejaarde mense as gevolg van siekte of verswakking. Ons troos onself gewoonlik oor hul dood met die feit dat hulle 'n vol lewe sou gehad het. Met al ons mediese voorsorg leef ons asof die dood iets aan die einde van ons lewe is. Die einde van 'n lewe waarin ons alles bereik het waarop ons gehoop het.

Ons hoop is daarom gewoonlik die hoop op 'n lang en vervulde lewe!

Ons leef met die hoop op wat ons alles gaan bereik, hoe ons in die liefde van ons man of vrou gaan leef en wat ons alles vir ons kinders gaan doen en vir ons kleinkinders gaan beteken! Dit is hoekom kerke wanneer mense doodgaan deesdae nie meer roudienste hou waarin mense treur oor die verlies van die lewe nie, maar vreugdedienste waarin hulle die lewe wat mense geleef het vier. Hulle vier die lewe van gestorwe geliefdes omdat dit die lewe sou wees waarin alles wat gehoop was, vervul is.

Dit is hoekom Wouter se dood vir u as familie en ons as gemeenskap so diep geruk het. Ons kan nie troos vind in die vol lewe wat hy gehad het waarmee ons onself troos voor die verskrikking van die dood nie. Alles wys ons nou op 'n onvervulde lewe – sy dogtertjies sonder 'n pa, sy vrou sonder 'n man, ouers sonder hul kind, broers en 'n suster sonder hulle broer en 'n gemeenskap wat op sy betroubaarheid en beskikbaarheid staat gemaak het.

Daarom kan ons vandag maklik treur soos mense wat geen hoop het nie, soos Paulus dit aan die gemeente uitwys oor ander mense wie nie in Christus glo nie.

Want die hoop op 'n vol lewe as amper 'n oorwinning en oorwinningfees oor die dood – is met Wouter uit sy en ons eie lewe weggeruk! Enige vrolike viering van sy lewe in 'n kerk of by samekomste na die tyd, minag die diepte van die wond wat sy dood op elkeen se lewe lewenslank gemaak het.

2. Hoe kan ons oor Wouter treur, rou soos mense wat hoop het vir Wouter en vir onself?

Die Sadduseërs was Jode wat Jesus, en elkeen wat met hoop kan treur oor die dood, bespotlik gemaak het met hulle ligsinnige godsdiens. Hulle was die slim godsdienstiges van hulle tyd. Hulle was ingesteld daarop om as mense 'n vol en gelukkige lewe te lei en dit het hulle gedoen deur rykdom, politieke mag en godsdienstige magsposisies. Hulle slimheid oor jou lewe as mens het so geklink: as jy dood is, is jy dood! Jou streep is getrek! Dan is jy vir altyd 'n gees en sal jy nooit weer 'n mens van liggaam, siel en gees in die wêreld wees nie. Dan het jy jou kans gehad om 'n mens in God se skepping te gewees het.

Daarom kom hulle na Jesus toe en probeer die Here belaglik maak deur te wys dat “as jy dood is, is jou lewe as mens op aarde verby en kan jy nog net 'n gees by God wees.”

Die Here wys hulle op hoe diep hulle godsdienstige ligsinnigheid oor die lewe, God in sy wese as God aantast met die woorde: “Julle dwaal, omdat julle die Skrifte nie ken nie, en ook nie die krag van God nie.” Daarmee wys die Here dat in hulle geloof: “As jy dood is, is jy 'n gees wat jou kans as mens op aarde gehad het”, ontgoddelik hulle God self!

Christus antwoord hulle ligsinnigheid oor God en lewe met hoe God homself aan Moses geopenbaar het. Die woorde van Jesus: “het julle dan nie gelees wat God vir julle gesê het nie: “Ek is die God van Abraham, die God van Izak, en die God van Jakob? Hy is nie die God van dooies, nie, maar van lewendes.” is 'n direkte aanhaling van Exodus 3: 15: “Verder sê God vir Moses “Jy moet ook nog vir die Israeliete sê: ‘die Here, die God van julle voorvaders die God van Abraham, die God van Izak, die God van Jakob, het my na julle toe gestuur.”

3. U mag u nie misgis met die opvatting dat Jesus hier spesifiek sou gesê het dat wanneer jy dood gaan, gaan jou gees na die Here en leef jy altyd as 'n gees saam met God nie, so asof Abraham, Izak en Jakob nou vir altyd geeste saam met God is nie.

Dit is juis die opvatting van die Sadduseërs wat Jesus voor sê dat hierdie is hulle dwaling omdat hulle nie in die krag van God of die Woord van God glo nie!

Jesus wys hulle dat 'n mens wie se liggaam en gees geskei is, is 'n dooie mens. 'n Mens wat nog net gees is, is 'n dooie mens. Daarom verklaar Christus hier dat God is nie die God vir dooie mense wie geeste in die hemel is nie. God is die Here van lewende mense in sy skepping! Wanneer God vir geeste in die hemel God moet wees, dan is hy die God van die dooies en nie meer die God van lewende mense wie met liggaam, siel en gees deel van sy skepping is nie!

Wie treur oor 'n mens wat vir altyd 'n gees in die hemel geword het, treur sonder hoop! Dit is mos net die waarheid! Wanneer ons vandag oor Wouter moet treur as iemand wat as mens dood is, maar wie ons eendag as geeste in die hemel weer sal sien, dan het ons die hoop om saam met Wouter mens te wees in God se skepping verloor!

Wie van ons vandag hier voel getroos dat hy met God 'n gees in die hemel is? Ons wil nie hê hy moet 'n gees wees terwyl ons mense is en ons nog net eendag weer saam met hom 'n gees kan wees nie! Ons wil mense wees saam met hom soos mense mense is! Dit is mos die diepte van die verlies en rou waarin sy dood ons geruk het.

Kan so iets enige iemand vandag troos! Wouter is nou vir altyd 'n gees! Sy kans om mens te wees, en saam met ons mens te wees, is verby! Hy en ons het ons kans om saam mens te wees op mekaar gehad! Ons kan eendag geeste saam wees! Dit is wat Paulus bedoel met die stelling dat ons nie moet treur soos mense sonder hoop nie. Wie in so iets troos vind, sal vandag treur soos mense wie nie meer hoop het vir Wouter of hulle self nie! Geen hoop om om saam mens te wees in God se skepping met God nie.

Dit is só dat met ons sterwe is ons gees dadelik saam met God. Daarom het Jesus aan die kruis aan die misdadiger wat gevra het dat Jesus aan Hom moet dink gesê: “Ek verseker jou vandag sal jy saam met My in die paradys wees.” Maar dit maak ons nie weer lewende mense nie, en God is die God van lewende mense, nie vir die geeste van mense wie dood is nie!

4. Wanneer Jesus vir die Saddusees wys dat hulle nie die Woord van God verstaan in Exodus 3 nie, dan is Jesus nie hier 'n slimmer Skrifgeleerde wat die Bybel beter kan verstaan en uitleg as die Sadduseërs nie.

Die Here praat hier met die gesag dat Hy kort na hierdie gesprek aan die kruis doodgaan vir sondaars se sondes en dan net bietjie meer as 'n dag later weer uit die dood uit opstaan.

Jesus se gees het nie uit die dood uit opgestaan nie. Hy het weer as 'n lewende mens van vleis en bloed, liggaam, siel en gees uit die dood uit opgetaan. Opstaan uit

die dood beteken nie jou liggaam vergaan maar jou siel gaan hemel toe nie. Dit beteken jy leef weer as mens met jou liggaam, siel en gees!

Wanneer die Here dus aan die Sadduseërs stel dat God die God van lewende mense is, en nie van die geeste van dooie mense nie, dan verklaar Hy wie Hy gaan wees en wie Hy mense vir Hom gaan laat wees. Hy gaan weer uit die dood uit opstaan om vir Abraham, Izak en Jakob, en elke ander gelowige weer lewende mense vir God te maak.

Dit is die inhoud van Paulus se aankondiging in 1 Thes. 4: 14: “Want as ons glo dat Jesus gesterf en opgestaan het – God sal ook so diegene wat gesterf het, deur Jesus saam met Hom neem – as lewende mense!

5. Dit is die hoop waarin Wouter gebore is en gedoop was: Jesus Christus is die Here van 'n lewende Wouter, nie 'n dooie Wouter nie. Daarom leef en sterf hy in die hoop dat hy nie vir altyd die Here 'n gees sal wees nie, maar dat die Here hom uit die dood sal opwek, net soos vir Abraham, Izak en Jakob, om weer 'n lewende mens vir God te wees.

Die Here Jesus Christus is die Here vir lewende mense, nie dooie mense se geeste nie!

Dit is wie die Here Wouter sal laat wees met sy wederkoms – lewend mens met God! Daarom leef ons nou in die hoop dat ons weer saam mense met mekaar en met God in sy skepping sal wees. Nie vir ewig geeste in die hemel nie!

Wie die Here vertrou om so vir Wouter die Here van lewende mense te sal wees, kan met hoop treur. Die hoop dat ons weer saam met mekaar, vir mekaar en met God sal wees.

Daarom hoef ons mekaar nie te probeer troos met hierdie selfopgemaakte troos: “Ons het darem 'n vol lewe met hom gehad” of “Hy het 'n vol lewe gehad nie” Want vir Wouter is dit nie 'n troos nie. Hy het nie 'n vol lewe gehad nie. Vir ons is dit ook nie 'n troos nie, want ons het nie met hom sy volle lewe geleef nie. Hy is dood in die fleur van 'n lewe wat nog vervul moes gewees het.

Die volheid van sy lewe is 'n gawe van die Here Jesus wat vir Hom weer die Here van 'n lewende mens Wouter sal wees, nie vir die gees van 'n dooie Wouter nie. Die volheid van 'n lewe as mens met God vir ewig is 'n gawe wat die Here as die Here vir lewende mense vir ons gee!

Dit is en moet ons hoop wees vir Wouter en onself: ons sal weer mense met mekaar, vir mekaar en met God wees. Die Here is die Here vir lewende mense!

Daarom is alles wat ons met Wouter saam was, nie iets van die verlede nie, maar deel van ons toekoms as mense met en vir mekaar met die Here!

6. Paulus stel nie dat omdat die Here Wouter weer mens sal laat wees, dat ons moet bly wees oor sy dood nie.

As gelowiges mag ons nooit vir mekaar sê: “Ons moet bly wees dat Wouter nou by die Here ’n gees is nie, want dit is beter vir hom daar nie.” of “Ons moet bly wees hy is nou by Jesus nie.”

Dit is die ligsinnigheid van vandag se afgodsdienste wat nie wil rou oor verlies nie, maar altyd vrolik en bly wil wees oor die lewe! So asof ons nou ’n vreugdefees oor Wouter se lewe kan vier. Dit beteken mos niks anders dat ons bly is hy is nou net ’n gees en nie meer ’n lewende mens nie. Wat is die verskil tussen hierdie kamstige godsdienstige ligsinnigheid en om na die tyd dronk te word met die verskoning Wouter sou dit so wou gehad het dat ons moet bly wees?

Wie mekaar liefhet en in mekaar se liefde leef, en mekaar vir liefde verloor, treur! En dit beteken nie ons moet vandag treurig wees en goed huil sodat ons oor dit kan kom en weer met ons vol lewe kan aangaan nie.

Treur is roumart!

Dit is om met ’n leegheid te moet leef waar daar liefde moes wees! Dit is om alleen te moet leef waar daar ’n geliefde moes gewees het. Hierdie roumart het met Wouter se dood deel van ons lewe geword.

Sy dogters gaan mos altyd met die rou leef van ’n pa wat nie daar is nie. Jy kan mos nooit net bietjie hartseer wees daaroor en dan daaroor kom nie. In elke deel van hul lewe gaan hul hierdie rou ervaar! Dit is mos net so waar vir sy ouers. Jy leef nou in hierdie rou wat deel van jou lewe is. Dit is hoekom jy sommer net party dae gaan huil by ’n kampvuur of alleen in jou bed. En net so vir sy vrou, sy broers en susters en ook sy vriende!

Wouter se dood het die treur oor sy liefde en menswees saam met ons, deel van ons lewe gemaak. Ons kan nie maak asof hy so voluit geleef het dat ons nou met ons vol lewes kan aangaan sonder hom nie. Sonder hom is daar nou mos altyd iets leeg in ons!

7. Daarom kan gelowiges treur, self lewenslank treur oor die liefde van ’n mens wat weg is en jou leeg laat!

Want ons treur as mense met hoop! Die hoop dat God die Here van lewende mense is en nie die Here vir die geeste van dooie mense is nie.

Met hierdie hoop probeer ons nie 'n vol lewe leef nie, nog minder 'n vol lewe ons doelwit en bestemming maak nie. Ons leef die lewe wat God vir ons gee met God in sy diens! Hy het ons vir diens gemaak en hy vervul sy bedoeling met ons!

God neem nie ons lewe weg wanneer ons 'n vol lewe gehad het soos mense 'n vol lewe sien nie. Hy neem ons lewe weg wanneer ons diens aan hom vervul is. Vervulde diensbaarheid, is totaal iets anders as 'n vol, en gelukkig lewe!

Vervulde diensbaarheid kan beteken dat ek in armoede leef en sterf en nog steeds my diens aan die Here voltooi het. Vervulde diensbaarheid beteken dat ek nog baie kon bereik, kon doen en ervaar, maar dat dit nie die diens is waarvoor God my gemaak en gebruik het nie. Vervulde diensbaarheid kan beteken dat ek sonder geliefdes en die samesyn van mense kan leef, maar nog steeds my roeping teenoor God vervul.

In hierdie geloof kan ons oor Wouter treur met hoop!

Hy het nie die vol lewe gehad wat hy kon gehad het nie. Ons het nie die vol lewe met hom gehad wat ons kon gehad het nie, maar God het met hom sy doel en diens voltooi.

Nou moet en kan ons met die hartseer van sy verlies in ons lewe ons diens aan God voltooi, met die hoop dat ons weer vir en met mekaar mens sal wees, want die Here is die Here vir lewende mense, nie vir die geeste van dooie mense nie.

8. Ons moet nie nou maar net weer met die hoop op 'n vol lewe aangaan en oor Wouter se dood kom nie!

Ons moet nou met roumart gaan leef, treur omdat ons nie meer vir mekaar mense kan wees nie.

Ons moet nie nou maar weer aangaan met ons vol lewe nie, want dit beteken ons moet maak asof ons 'n vol lewe sonder hom en wat hy vir ons was, kan lei. Dan moet ons mos hom probeer vergeet want sy dood maak ons treurig! Dan moet ons mos hom os agter los en sonder hom aangaan.

Dit is hoe ligsinnig die soeke na 'n vol lewe is! En dit is hoekom mense van die dood 'n vreugdefees met godsdienstige rituele of dronkkuiers wil maak! Want hulle wil nie treur nie, hulle wil bly wees! Hulle wil nie met rou hul dienswerk en roeping voltooi nie. Hulle wil gelukkig leef!

Ons kan dit nie met Wouter doen nie, want sy lewe is nie agter ons nie. Dit is voor ons. Alles wie ons met mekaar was is deel van sy en ons toekoms om weer lewende mense van die Here van die lewendes te wees.

Kom ons gaan vervul ons roeping en diens aan die Here waarvoor Hy ons maak en gebruik, en leef in die rou van Wouter wie ons verloor het, met die hoop dat Jesus Christus die Here van die lewendes en nie vir die geeste van dooies is nie.

Kom ons neem afskeid van Wouter met wie ons weer saam mense sal wees! Kom ons leef saam met die Here van die lewendes!